

PKF Cape Town

PKF

chartered accountants
& business advisers

**OWOBV Eiendoms Beperk
(Registrasienommer: 2016/182577/07)**

**Finansiële State
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018**

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van besigheid en hoofaktiwiteite	'n Sorgfasiliteit vir 'n aftree-oord
Direkteure	AG Dreyer C Heyns HW Hurter CE Le Grange MC Mead
Geregistreerde kantoor	Oude Westhof Aftree-Oord Van Riebeeckshofweg 26 Van Riebeeckshof BELLVILLE 7530
Besigheidsadres	Oude Westhof Aftree-Oord Van Riebeeckshofweg 26 Van Riebeeckshof BELLVILLE 7530
Posadres	Posbus 5700 BELLVILLE Wes-Kaap 7536
Houerentiteit	Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging
Bankiers	Nedbank Beperk
Ouditeure	PKF Cape Town Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.) Geregistreerde Ouditeur
Maatskappyregistrasienuommer	2016/182577/07
Vlak van gerusstelling	Hierdie finansiële state is geouditeer in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet, 71 van 2008.
Opsteller	Hierdie finansiële state is voorberei onder die toesig van: G van der Merwe
Gepubliseer	25 Mei 2018

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Indeks

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële state wat aan die aandeelhouer voorgelê is:

Indeks	Page
Onafhanklike Ouditeursverslag	3 - 4
Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring	5
Direkteure se verslag	6 - 7
Staat van Finansiële Posisie	8
Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste	9
Staat van Verandering in Ekwiiteit	10
Staat van Kontantvloei	11
Rekeningkundige Beleid	12 - 15
Aantekeninge tot die Finansiële State	16 - 23
Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die finansiële state nie en is nie geoudit nie:	
Volledige Inkomstestaat	24

Onafhanklike Ouditeursverslag

Aan die aandeelhouer van OWOBV Eiendoms Beperk

Mening

Ons het die finansiële state van OWOBV Eiendoms Beperk, soos uiteengesit op bladsye 8 tot 23, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2018, en die Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste, Staat van Verandering in Ekwiteit en die Staat van Kontantvloeï vir die periode wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van OWOBV Eiendoms Beperk soos op 28 Februarie 2018, en van sy finansiële prestasie en kontantvloeï vir die periode wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die vereistes van die Maatskappywet, 71 van 2008.

Grondslag vir mening

Ons het ons audit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Audit van die finansiële state afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die maatskappy in ooreenstemming met die 'Independent Regulatory Board for Auditors Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code)' en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op audits in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die 'IRBA Code' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op audits in Suid-Afrika, vervul. Die 'IRBA Code' is konsekwent met die 'International Ethics Standards Board for Accountants Code of Ethics for Professional Accountants (Parts A and B)'. Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons mening te bied.

Ander inligting

Die direkteur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die direkteur se verslag soos vereis deur die Maatskappywet, 71 van 2008, asook die volledige inkomstestaat, soos uiteengesit op bladsye 24, wat aan verskaf was voor die aanvang van die audit. Ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die finansiële state sluit nie die ander inligting in nie en ons spreek nie 'n auditmening of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons audit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of ons kennis verkry gedurende die audit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Verantwoordelikhede van die direkteur vir die Finansiële State

Die direkteur is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die vereistes van die Maatskappywet, 71 van 2008, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteur nodig ag vir die opstel van die finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is dit die direkteur se verantwoordelikheid om die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en aangeleenthede, soos toepaslik, wat verband hou met die lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die direkteur beplan om die maatskappy te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die Finansiële State

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n audit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme regdeur die audit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer auditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die maatskappy se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die direkteure gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die direkteure se gebruik van die lopende-saakgrondslag van verantwoording, en gebaseer op die auditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan werp op die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op auditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die maatskappy ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die direkteure oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons audit identifiseer.

PKF Cape Town.

PKF Cape Town
M Louw
Vennoot
Geregistreeerde Ouditeur

25 Mei 2018
BELLVILLE

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

Die Maatskappywet, 71 van 2008 bepaal dat die direkteure omvattende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state ter voldoening aan die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings 'n redelike weergawe is van die maatskappy se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die maatskappy ingestel is en plaas aansienlike klem op die belang van handhawing van streng beheer. Sodat die direkteure die verantwoordelikheid kan nakom, stel die direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verklein. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele maatskappy gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standaarde te handhaaf om te verseker dat die maatskappy se besigheid uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die maatskappy se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die maatskappy. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die maatskappy om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.


Die direkteure is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike audit en verslagdoening van die maatskappy se finansiële state. 'n Onafhanklike audit is uitgevoer op hierdie finansiële state deur die maatskappy se onafhanklike ouditeure en hul verslag word op bladsye 3 en 4 aangebied.

Die finansiële state, wat uiteengesit is op bladsye 8 tot 24 en voorberei is op die lopendesaaik-grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die direksie op 25 Mei 2018 deur:



AG Dreyer



HW Hurter

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Direkteure se verslag

Dit is vir die direkteure 'n plesier om hul verslag oor die finansiële state van OWOBV Eiendoms Beperk vir die periode geëindig 28 Februarie 2018, in te dien.

1. Inkorporasie

Die maatskappy is op 04 Mei 2016 geïnkorporeer en het sy sertifikaat om met besigheid te begin handeldryf op dieselfde dag verkry.

2. Aard van besigheid

OWOBV Eiendoms Beperk is in Suid-Afrika geïnkorporeer met belange in die verskaffing van versorgingsgeriewe aan bejaardes. Die maatskappy dryf handel in Suid-Afrika.

3. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die finansiële state is voorberei in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die vereistes van die Maatskappywet, 71 van 2008.

Volledige besonderhede van die maatskappy se finansiële posisie, resultate van bedrywighede en kontantvloei word in hierdie finansiële state uiteengesit.

4. Aandelekapitaal

Daar was geen veranderinge tot die gemagtigde of uitgereikte aandelekapitaal gedurende die periode onder oorsig nie.

5. Dividende

Geen dividende was verklaar of uitbetaal aan die aandeelhouer gedurende die jaar.

6. Direkteure

Die direkteure in amp op die datum van hierdie verslag is as volg:

Direkteure	Veranderinge
AG Dreyer	
C Heyns	
HW Hurter	
CE Le Grange	
MC Mead	Aangestel 22 Junie 2017
E Botha	Bedank 26 Junie 2017

7. Houerentiteit

Die maatskappy se houerentiteit is Oude Westhof Afree-Oord Bestuursvereniging wat 100% van die maatskappy se ekwiteit hou.

8. Gebeure na die verslagdoeningstydperk

Gedurende die verslagdoeningstydperk is hulpsorgwoonstelle ontwikkel en verkoop. Die woonstelle gaan vermoedelik in Junie 2018 geregistreer word.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

9. Lopende saak

Die direkteure glo dat die maatskappy oor voldoende finansiële hulpbronne beskik om voort te gaan met handel in die afsienbare toekoms en dienoreenkomstig is die finansiële state op 'n lopendesaak-grondslag voorberei. Die direkteure het hulself tevrede gestel dat die maatskappy oor 'n gesonde finansiële posisie beskik en dat dit toegang het tot voldoende leningsfasiliteite om alle afsienbare kontant vereistes na te kom. Die direkteure is nie bewus van enige nuwe wesenlike veranderings wat die maatskappy nadelig kan affekteer nie. Die direkteure is ook nie bewus van enige wesenlike nie-voldoening aan statutêre of regulatoriese vereistes of enige hangende veranderings aan wetgewing wat die maatskappy kan affekteer nie.

10. Ouditeure

PKF Cape Town het voortgegaan in die amp as ouditeure vir die maatskappy vir die 2018 finansiële jaar.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2018

		28 Februarie 2018 R	28 Februarie 2017 R
Bates			
Nie-Bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	3	205 141	205 762
Beleggingseiendom	4	37 760 000	9 737 855
		<u>37 965 141</u>	<u>9 943 617</u>
Bedryfsbates			
Handels- en ander debiteure	5	269 806	848 606
Vooruitbetalings		-	21 316
Kontant en kontantekwivalente	6	330 082	84 127
		<u>599 888</u>	<u>954 049</u>
Totale bates		<u>38 565 029</u>	<u>10 897 666</u>
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	7	-	-
Behoue verdienste		19 569 861	(146 502)
		<u>19 569 861</u>	<u>(146 502)</u>
Laste			
Nie-bedryfslaste			
Uitgestelde belasting	8	5 566 222	-
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	9	563 096	641 806
Lenings vanaf aandeelhouders	10	11 848 658	10 402 362
Ander finansiële aanspreeklikhede	11	1 017 192	-
		<u>13 428 946</u>	<u>11 044 168</u>
Totale laste		<u>18 995 168</u>	<u>11 044 168</u>
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		<u>38 565 029</u>	<u>10 897 666</u>

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste

		12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
	Aan- teke- ning(e)		
Inkomste		7 890 438	3 694 201
Ander inkomste	12	396 761	-
Bedryfskoste		(9 353 355)	(4 160 365)
Bedryfsverlies	13	(1 066 156)	(466 164)
Beleggingsinkomste	14	91 332	319 662
Billikewaarde-aanpassing		26 283 587	-
Finansieringskoste		(26 177)	-
Wins (verlies) voor belasting		25 282 586	(146 502)
Belasting	15	(5 566 223)	-
Wins (verlies) vir die jaar / 7 maande		19 716 363	(146 502)
Ander omvattende inkomste		-	-
Totale omvattende inkomste (verlies) vir die jaar / 7 maande		19 716 363	(146 502)

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele- kapitaal R	Behoue verdienste R	Totale ekwiteit R
Verlies vir die 7 maande	-	(146 502)	(146 502)
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende verlies vir die 7 maande	-	(146 502)	(146 502)
Aandele-uitgifte	-	-	-
Totale veranderings	-	-	-
Saldo op 1 Maart 2017	-	(146 502)	(146 502)
Wins vir die jaar	-	19 716 363	19 716 363
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende wins vir die jaar	-	19 716 363	19 716 363
Saldo op 28 Februarie 2018	-	19 569 861	19 569 861
Aantekening	7		

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Kontantvloei

		12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
	Aan- teke- ning(e)		
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontantontvangste van kliënte		8 681 438	2 764 026
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers		(9 218 551)	(3 454 068)
Kontant aangewend in bedrywighede	16	(537 113)	(690 042)
Rente-inkomste		91 332	319 662
Finansieringskoste		(26 177)	-
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite		(471 958)	(370 380)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	3	(7 017)	(210 000)
Besteding gekapitaliseer van beleggingseiendom	4	(1 738 558)	(9 737 855)
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite		(1 745 575)	(9 947 855)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Beweging van ander finansiële aanspreeklikhede		1 017 192	-
Beweging van aandeelhouderslening		1 446 296	10 402 362
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite		2 463 488	10 402 362
Totale kontantbeweging vir die periode		245 955	84 127
Saldo aan die begin van die periode		84 127	-
Saldo aan die einde van die periode	6	330 082	84 127

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Rekeningkundige Beleid

1. Aanbieding van finansiële state

Die finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings, en die Maatskappywet, 71 van 2008 opgestel. Die finansiële state is op die historiese kostegronslag opgestel en sluit die hoof rekeningkundige beleid in wat hieronder uiteengesit word. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk, behalwe vir die veranderinge soos geopenbaar in nota 2 tot die finansiële state.

1.1 Beduidende oordeel en bronne van ramingsonsekerheid

Belangrike oordeel in die toepassing van rekeningkundige beleid

Daar word van bestuur vereis om van tyd tot tyd kritiese besluite te neem in die toepassing van die rekeningkundige beleid. Die oordele, afgesien van dié met betrekking tot ramings wat die mees beduidende uitwerking het op die bedrae wat in die finansiële state erken word, word soos volg uiteengesit:

Sleutel bronne van ramingsonsekerheid

Die finansiële state sluit nie bates en laste in wie se drabedrae bepaal is gebaseer op ramings waarvoor daar 'n beduidende risiko of wesenlike aanpassings in die volgende finansiële periode as 'n resultaat van die sleutel raming aannames bestaan nie.

1.2 Beleggingseiendom

Beleggingseiendom word aanvanklik teen kosprys erken en daarna teen billike waarde met veranderings in billike waarde wat in wins of verlies erken word. Indien die billike waarde van beleggingseiendom nie betroubaar gemeet kan word sonder onnodige koste of moeite nie, word dit dan in eiendom, aanleg en toerusting ingesluit.

Die kosprys van beleggingseiendom bestaan uit die koopprys en enige direk toeskryfbare koste om die bate by die plek af te lewer en omstandighede wat nodig is om dit in staat te stel om te funksioneer op die wyse wat deur bestuur beoog is.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n beleggingseiendom te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van beleggingseiendom, word die drabedrag van die vervangde item omgeswaai.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Rekeningkundige Beleid

1.3 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare items wat gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere en dienste, of vir die verhuring aan ander of vir administratiewe doeleindes, en sal na verwagting in meer as een tydperk gebruik word.

Eiendom, aanleg en toerusting word gedra teen kosprys minus opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting, word die drabedrag van die vervangde item omgeswaai.

Die aanvanklike raming van die koste om die bate af te breek en te verwyder en die herstel van die terrein waarop dit geleë is, word ook in die kosprys van eiendom, aanleg en toerusting ingesluit, waar sodanige afbreek, verwydering en herstel verpligtend is.

Waardevermindering word voorsien deur gebruik te maak van die reguitlynmetode om die kosprys af te skryf, minus die beraamde reswaarde oor die nuttige lewensduur van die eiendom, aanleg en toerusting as volg:

Item	Depresiasie metode	Gemiddelde nuttige lewensduur
Meubels en vaste toebehore	Reguitlyn	10 jaar
Rekenaartoerusting	Reguitlyn	3 jaar

Die reswaarde, waardevermindering metode en nuttige lewensduur van elke bate word hersien slegs waar daar 'n aanduiding is dat daar 'n beduidende verandering van die vorige skatting was.

1.4 Finansiële instrumente

Aanvanklike meting

Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen die transaksieprys (insluitend transaksiekoste, behalwe in die aanvanklike meting van finansiële bates en laste wat gemeet word teen billike waarde deur wins of verlies) tensy die ooreenkoms, in effek, 'n finansieringstransaksie uitmaak in welke geval dit gemeet word teen die huidige waarde van die toekomstige betalings verdiskonteer teen 'n markkoers van rente vir 'n soortgelyke skuld instrument.

Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste

Hierdie sluit in lenings, handelsdebiteure, handelskrediteure en kontant en kontantekwivalente. Daardie skuld instrumente wat voldoen aan die kriteria in artikel 11.8(b) van die standaard, word daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur gebruik te maak van die effektiewe rente-metode. Skuld instrumente wat as bedryfsbates of -laste geklassifiseer is, word gemeet teen die onverdiskonteerde bedrag van die kontant wat verwag word om ontvang of betaal te word, tensy die ooreenkoms effektief 'n finansieringstransaksie uitmaak.

Op elke verslagdoeningsdatum, word die drabedrae van bates wat in hierdie kategorie gehou word hersien om te bepaal of daar enige objektiewe bewyse van waardedaling is. Indien daar objektiewe bewyse is, word die verhaalbare bedrag beraam en met die drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in wins of verlies erken.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Rekeningkundige Beleid

1.5 Belasting

Lopende belastingbates en -laste

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre dit onbetaal is, as 'n las erken. Indien die bedrag wat reeds betaal is ten opsigte van huidige en vorige tydperke meer is as die bedrag wat in daardie tydperke betaalbaar is, word die surplus as 'n bate erken.

Die belasting aanspreeklikheid weerspieël die invloed van die maandelike uitkoms van 'n oorsig deur die belastingowerhede.

Belastinguitgawes

Belastinguitgawes word erken in dieselfde komponent van totale omvattende inkomste of ekwiteit as die transaksie of ander gebeurtenis wat gelei het tot die belastinguitgawe.

1.6 Hure

'n Huur word as 'n bruikhuur geklassifiseer as dit aansienlik al die risiko's en belonings verbode aan eienaarskap aan die huurder oordra. Alle ander hure is bedryfshure.

Bedryfshure - huurder

Bedryfshuurbetalings word as 'n uitgawe op 'n reguit-lyn-grondslag oor die huurtermyn erken, behalwe as:

- 'n ander sistematiese grondslag van die tydpatroon van die voordeel vanuit die huurbate verteenwoordigend is, selfs as die betaling nie op daardie grondslag is nie, of
- die betalings gestruktureer is om te verhoog in lyn met verwagte algemene inflasie (gebaseer op gepubliseerde indekse of statistieke) om te vergoed vir die verhuurder se verwagte inflasionêre stygings.

1.7 Waardedaling van bates

Die maatskappy evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat eiendom, aanleg en toerusting of beleggingseiendom se waarde mag daal.

Indien daar enige sodanige aanduiding is, word die verhaalbare bedrag van enige geraakte bate (of groep van verwante bates) beraam en met sy drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in wins of verlies erken.

Indien 'n waardedalingsverlies daarna omswaai, word die drabedrag van die bate (of groep van verwante bates) verhoog na die hersiene beraming van sy verhaalbare bedrag, maar nie meer as die bedrag wat bepaal sou word indien geen waardedalingsverlies vir die bate (of groep van bates) in die vorige tydperke erken is nie. 'n Omswaai van waardedaling word onmiddellik in wins of verlies erken.

1.8 Aandelekapitaal en ekwiteit

'n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys is van 'n oorblywende belang in die bates van 'n entiteit nadat al sy laste afgetrek is.

Indien die maatskappy weer sy eie ekwiteitsinstrumente verkry, word daardie instrumente van ekwiteit afgetrek. Geen wins of verlies word met die verkryging, verkoop, uitgifte of kansellering van die maatskappy se eie ekwiteitsinstrumente in wins of verlies erken nie. Die vergoeding betaal of ontvang sal direk in ekwiteit erken word.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Rekeningkundige Beleid

1.9 Werknemervoordele

Korttermynwerknemervoordele

Die koste van korttermynwerknemervoordele (daardie wat betaalbaar is binne 12 maande nadat die diens gelewer is, soos betaalde verlof en siekverlof, bonusse en nie-monetêre voordele soos mediese sorg) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer is en word nie verdiskonteer nie.

1.10 Voorsienings en gebeurlikhede

Voorsienings word erken wanneer die maatskappy 'n verpligting het op die verslagdoeningsdatum as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede; dit waarskynlik is dat die maatskappy vereis sal word om ekonomiese voordeel oor te dra in vereffening; en die bedrag van die verpligting betroubaar beraam kan word.

Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die bedrag wat na verwagting nodig sal wees om die verpligting te vereffen deur gebruik te maak van 'n voorbelaste koers wat die huidige markevaluering van die tydwaarde van geld en die risiko's eie aan die verpligting weerspieël. Die styging in die voorsiening weens tydverloop word as 'n rente-uitgawe erken.

Voorsienings word nie vir toekomstige bedryfsverliese erken nie.

1.11 Inkomste

Inkomste word erken tot die mate waartoe die maatskappy die beduidende risiko's en belonings van dienste gelewer het ingevolge 'n ooreenkoms op voorwaarde dat die bedrag betroubaar gemeet kan word en dit waarskynlik is dat ekonomiese voordeel, wat verband hou met die transaksie, die maatskappy sal toekom. Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar, uitgesluit verkoopsbelasting en afslag.

Rente word erken in wins of verlies deur gebruik te maak van die effektiewerentekoers-metode.

1.12 Finansieringskoste

Finansieringskoste word in die tydperk waarin dit aangegaan word as 'n uitgawe erken.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge tot die Finansiële State

12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
--	---

2. Veranderinge in rekeningkundige beleid

Die veranderinge aan die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings het effektief geraak vir periodes op of na 1 Januarie 2017 en was deur die maatskappy aangeneem in die huidige verslagdoeningstydperk. Die veranderinge het wel geen impak gehad op die finansiële state nie.

3. Eiendom, aanleg en toerusting

	2018			2017		
	Koste	Opgehoopte waarde vermindering	Drawaarde	Koste	Opgehoopte waarde vermindering	Drawaarde
Meubels en vaste toebehore	210 000	(11 825)	198 175	210 000	(4 238)	205 762
Rekenaartoeusting	7 017	(51)	6 966	-	-	-
Totaal	217 017	(11 876)	205 141	210 000	(4 238)	205 762

Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2018

	Openingsaldo	Toevoegings	Waarde- vermindering	Eindsaldo
Meubels en vaste toebehore	205 762	-	(7 587)	198 175
Rekenaartoeusting	-	7 017	(51)	6 966
	205 762	7 017	(7 638)	205 141

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge by die Finansiële State

	12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R		
4. Beleggingseiendom				
Rekonsiliasie van beleggingseiendom - 2018				
	Opening- saldo	Gekapitaliseerde koste	Billike- waarde- aanpassing	Eindsaldo
Beleggingseiendom	9 737 855	1 738 558	26 283 587	37 760 000
Besonderhede van eiendom				
Oude Westhof Aftree - Oord Bestuursvereniging				
Deeltitel eenheid 61 by Oude Westhof Aftree - Oord Bestuursvereniging - Koopprys: 04 April 2016			9 059 310	9 059 310
Datum van registrasie was 18 April 2017.				
Oude Westhof Aftree - Oord Bestuursvereniging - Projek				
- Gekapitaliseerde besteding vanaf 01 Oktober 2016			2 417 103	678 545
Besonderhede van waardasie				
Die effektiewe datum van die herwaardasie was 28 Februarie 2018. Die herwaardasie is gedoen deur 'n onafhanklike waardasiemaatskappy, DDP Waardeerders Eiendoms Beperk. Die maatskappy is nie aan OWOBV Eiendoms Beperk verbind nie en het die toepaslike ervaring in die ligging en soort kategorie ten opsigte van die beleggingseiendom wat geherwaardeer word.				
Die waardasie is op die opemarkwaarde vir bestaande gebruik gegrond.				
5. Handels- en ander debiteure				
Handelsdebiteure			269 806	455 940
Ander ontvangbare bedrae			-	392 666
			269 806	848 606
6. Kontant en kontantekwivalente				
Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:				
Kontant voorhande			6 500	1 500
Banksaldo's			323 582	82 627
			330 082	84 127

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge by die Finansiële State

	12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
7. Aandelekapitaal		
Getal gemagtigde aandele		
4,000 Gewone aandele sonder pariwaarde	-	-
Uitgereik		
100 Gewone aandele sonder pariwaarde	-	-
Oude Westhof Aftree - Oord Bestuursvereniging besit al die 100 uitgereikte gewone aandele.		
8. Uitgestelde belasting		
Die uitgestelde belastingbates en die uitgestelde belastinglas is verwant aan inkomstebelasting in dieselfde jurisdiksie, en die wet laat netto vereffening toe. Dus is dit in die staat van finansiële posisie verreken as volg:		
Uitgestelde belastinglas	(5 887 523)	-
Uitgestelde belastingbate	321 301	-
Totale netto uitgestelde belasting las	(5 566 222)	-
Uitgestelde belastinglas		
Billikewaarde - aanpassing op beleggingseiendom	(5 887 523)	-
Uitgestelde belastingbate		
Belastingeffek op belastingverlies beskikbaar vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	321 301	-
Rekonsiliasie van uitgestelde belastingbate (las)		
Toename (afname) in belastingeffek op belastingverlies beskikbaar vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	321 301	-
Beweging in die tydelike verskil van die beleggingseiendom gedra teen billike waarde	(5 887 523)	-
	(5 566 222)	-

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge by die Finansiële State

	12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
9. Handels- en ander krediteure		
Betaalbare handelskrediteure	184 946	470 498
BTW	64 950	21 621
Heffings vooruit gefaktureer	-	18 587
Okkupasiehuur CPOA	-	125 000
Voorsiening van munisipale kostes	313 200	-
Personeel lenings	-	6 100
	563 096	641 806
10. Lenings vanaf aandeelhouer		
Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging - Oordraglening	(2 638 658)	(1 192 362)
Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging - Langtermynlening	(9 000 000)	(9 000 000)
Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging - Bedryfslening	(210 000)	(210 000)
	(11 848 658)	(10 402 362)

Hierdie lenings is onverseker, dra geen rente soos ooreengekom tussen die betrokke partye en is terugbetaalbaar deur middel van onderlinge toestemming.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge by die Finansiële State

	12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
11. Ander finansiële aanspreeklikhede		
Teen geamortiseerde koste		
Mandatory Administrators Eiendoms Beperk	<u>1 017 192</u>	<u>-</u>
Lenings vanaf Mandatory Administrators Eiendoms Beperk, is onverseker, dra rente teen 8% per jaar en is terugbetaalbaar soos ooreengekom tussen partye		
Bedryfslaste		
Teen geamortiseerde koste	<u>1 017 192</u>	<u>-</u>
12. Ander inkomste		
Okkupasiehuur	<u>396 761</u>	<u>-</u>
13. Bedryfsverlies		
Die bedryfsverlies vir die jaar word aangegee nadat die volgende in rekening gebring is:		
Bedryfsbruikhuurkoste		
Persele		
• Kontraktuele bedrae	<u>-</u>	<u>125 000</u>
Waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting	7 638	4 238
Werknemer koste	<u>6 551 071</u>	<u>2 693 591</u>
14. Beleggingsinkomste		
Rente-inkomste		
Bank	<u>91 332</u>	<u>319 662</u>

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge by die Finansiële State

	12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
15. Belasting		
Belangrikste komponente van die belastinguitgawe		
Uitgestel		
Skep en omswaai van tydelike verskille	5 566 222	-
Rekonsiliasie van die belastinguitgawes		
Rekonsiliasie van rekeningkundige wins en belastinguitgawe.		
Rekeningkundige wins (verlies)	25 282 586	(146 502)
Belasting teen die toepaslike koers van 28% (2017: 28%)	7 079 124	(41 021)
Belastinguitwerking van aanpassing op belasbare inkomste		
Kapitaalinsluitingskoers beweging	(1 471 881)	-
Belastingeffek op belastingverlies oorgedra	-	41 021
Uitgestelde belastingbate erken	(41 021)	-
	5 566 222	-

Geen voorsiening is gemaak vir 2018 se belasting nie, aangesien die maatskappy geen belasbare inkomste het nie. Die beraamde belastingeffek op die belastingverlies wat beskikbaar is vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste is R1 147 503 (2017: R146 502).

16. Kontant aangewend in bedrywighede

Wins (verlies) voor belasting	25 282 586	(146 502)
Aanpassings vir:		
Waardevermindering	7 638	4 238
Rente ontvang	(91 332)	(319 662)
Finansieringskoste	26 177	-
Billikewaarde-aanpassings	(26 283 587)	-
Veranderings in bedryfskapitaal:		
Handels- en ander debiteure	578 800	(848 606)
Vooruitbetalings	21 316	(21 316)
Handels- en ander krediteure	(78 711)	641 806
	(537 113)	(690 042)

17. Direkteursvergoeding

Geen besoldiging is aan 'n direkteur of enige individue betaal wat in die periode 'n voorgeskrewe amp beklee het nie.

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge by die Finansiële State

	12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
18. Verwante partye		
Verwantskap		
Houerentiteit		
Onderneming beheer deur sleutelbestuur		
Lede van sleutel bestuur		
		Oude Westhof Aftree - Oord Bestuursvereniging Mandatory Administrators Eiendoms Beperk (HW Hurter) AG Dreyer C Heyns HW Hurter CE Le Grange MC Mead
Verwante party balanse en transaksies met entiteite met beheer, gesamentlike beheer of beduidende invloed oor die maatskappy		
Verwante party balanse		
Leningsrekeninge - Verskuldig (aan) deur verwante partye		
Oude Westhof Aftree - Oord Bestuursvereniging	(11 848 658)	(10 402 362)
Verwante party balanse en transaksies met ander verwante partye		
Verwante party balanse		
Leningsrekeninge - Verskuldig (aan) deur verwante partye		
Mandatory Administrators Eiendoms Beperk	(1 017 192)	-
Verwante party transaksies		
Rente betaal aan (ontvang vanaf) verwante partye		
Mandatory Administrators Eiendoms Beperk	17 192	-

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Aantekeninge tot die Finansiële State

19. Kategorieë van finansiële instrumente

	Aan- teke- ning(e)	Skuld- instrumente teen ge- amortiseerde koste	Finansiële laste teen geamortiseer de koste	Ekwiteit en nie-finansiële bates en laste	Totaal
Kategorieë van finansiële instrumente - 2018					
Bates					
Nie-Bedryfsbates					
Eiendom, aanleg en toerusting	3	-	-	205 141	205 141
Beleggingseiendom	4	-	-	37 760 000	37 760 000
		-	-	37 965 141	37 965 141
Bedryfsbates					
Handels- en ander debiteure	5	269 806	-	-	269 806
Kontant en kontantekwivalente	6	330 082	-	-	330 082
		599 888	-	-	599 888
Totale bates		599 888	-	37 965 141	38 565 029
Ekwiteit en aanspreeklikhede					
Ekwiteit					
Aandelekapitaal	7	-	-	-	-
Behoue verdienste		-	-	19 569 861	19 569 861
Total Ekwiteit		-	-	19 569 861	19 569 861
Laste					
Nie-bedryfslaste					
Uitgestelde belasting	8	-	-	5 566 222	5 566 222
Bedryfslaste					
Handels- en ander krediteure	9	-	498 146	64 950	563 096
Lenings vanaf aandeelhouders	10	-	11 848 658	-	11 848 658
Ander finansiële aanspreeklikhede	11	-	1 017 192	-	1 017 192
		-	13 363 996	64 950	13 428 946
Totale laste		-	13 363 996	5 631 172	18 995 168
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		-	13 363 996	25 201 033	38 565 029

OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële State vir die periode geëindig 28 Februarie 2018

Volledige Inkomstestaat

		12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R	7 maande geëindig 28 Februarie 2017 R
Inkomste			
Verblyf		7 890 438	3 694 201
Ander inkomste			
Billikewaarde-aanpassings		26 283 587	-
Okkupasiehuur		396 761	-
Rente ontvang	14	91 332	319 662
		26 771 680	319 662
Bedryfskoste			
Administrasie- en bestuursgelde		-	493
Advertensies		21 804	26 691
Bankkoste		2 935	4 463
Diverse uitgawes		9 927	-
Drukwerk en skryfbehoeftes		32 846	10 152
DSTV		94 050	64 200
Ete heffing		182 589	106 000
Etes		842 702	429 840
Herstelwerk en instandhouding		205 328	364 885
Huurgeld op bedryfsbruikhuur		-	125 000
Maatskaplike werkersfooie		32 057	3 504
Mediese uitgawes		135 008	-
Motorvoertuigkoste		60	-
Munisipalekoste		566 908	84 982
Opleiding		2 500	-
Ouditeursvergoeding		49 837	-
Personeelwelstand		132 303	148 314
Regskoste		9 967	5 450
Rekenaar uitgawes		4 068	13 715
Skoonmaakmiddels		120 568	48 410
Telefoon en faks		36 057	16 616
PQ heffing		284 210	-
Versekering		28 922	9 821
Waardevermindering		7 638	4 238
Werknemerskoste		6 551 071	2 693 591
		9 353 355	4 160 365
Bedryfswins (verlies)	13	25 308 763	(146 502)
Finansieringskoste		(26 177)	-
Wins (verlies) voor belasting		25 282 586	(146 502)
Belasting	15	(5 566 223)	-
Wins (verlies) vir die jaar / 7 maande		19 716 363	(146 502)